// VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -33/2023 – Maart 2023*

## Paasfees

Namens die bestuur wil ons al ons inwoners ’n geseënde Paasfees toewens. Dis ’n tyd vir refleksie en dankbaarheid vir die Verlosser wat vir ons sondes gekruisig is en triomfantelik OPGESTAAN het.

As u gaan reis, wees versigtig, bestuur versigtig en kom veilig tuis.

## Ons tiende verjaarsdag

Ons oord is op 1 September 2023 tien jaar oud. 1 September val op ’n Vrydag en die fees sal seker uitbrei na Saterdag die 2de saam met die mark.

Kom maak voorstelle oor wat ons gaan doen om dit te vier.

## Honde

Daar is ’n sterk toename in klagtes oor honde. Maak asseblief ten alle tye seker dat u hond geen irritasie word vir u mede inwoners nie.

Dis selfs nog belangriker dat u u hond se afval “bomme” sal optel. Ook hier is daar weer ’n toename. Ons twee video masjiene sal binnekort weer verskuil opgestel word in die areas van die probleme. Ook hier sal streng opgetree word teen oortreders.

## Voorafbetaalde Elektrisiteitsmeters

Ons wil net al ons inwoners waarsku dat die “brug” van die meters niks anders as diefstal is. Maksimum boete sal gehef word, wat ook sal insluit betaling van geskatte waarde wat gesteel is. U sal ook aangekla word van diefstal by die outoriteite.

Die aankoop by ons oord is die goedkoopste opsie. Maar aankope by ‘n ander plek is toelaatbaar maar die aankope reflekteer altyd op u naam en u eenheid. U totale aankope per maand word gemonitor.

## Gordyne in woonstelle

Daar word tans ondersoek gedoen na die skoonmaak/was of moontlike vervanging van die gordyne in die woonstelblokke se areas by die trappe en hysbakke.

## Toegeboude stoepe

Daar is nou drie stoepe in ons dienssentrum toegebou, slegs enkele kleinere afrondings moet nog afgehandel word. Stoepe 2 en 3 is ongeveer 19m lank en 3,5m breed. Beide hierdie stoepe kan opgedeel word in twee of drie “kamers”.

Ons wag aansoeke in van inwoners/eienaars wat van die stoepe wil benut.

Daar is tans ’n aansoek vanaf die Biblioteek vir ’n deel/kamer om surplus boeke te kan stoor.

Verder is daar (nog nie formeel nie) aansoek vir ’n lokaal waar kursusse aangebied sou kan word. (Brei, hekel, lood en glas, inkleur, legkaarte, verf/skilder ens. ens. ens.).

Speletjies soos rummikub, kaartspeletjies, bingo wil ons uit die saal na die stoepe skuif wat daarvoor ingerig kan/sal word.

Ons wil die gedurige rondskuif van die stoele in die saal so ver moontlik verminder.

Is daar mense wat verantwoordelikheid wil neem vir tafeltennis, 'n gimnasium, veerpyltjies of iets anders. Laat weet ons sodat daar voorsiening in die begroting gemaak kan word daarvoor.

## Kombuis

Die koffiewinkel en die kiosk se tye gaan terug na 07:30 tot 1700 daagliks.

Daar is steeds slegs op Woensdae, Vrydae en Sondae twee sessies vir aansit etes in die eetsaal. Sessie een van 11:45 tot 12:45 en sessie twee van 13:00 tot 14:00.

Heffingontbyte word geboek soos alle heffingsetes en is beskikbaar Maandae tot Vrydae

Ons kosbakkies raak al minder.

Bring asseblief leë bakkies terug na die kombuis.

As u van die bakkies met kos uitdeel, maak tog seker dit word nie met kos en al iewers gelos of weggegooi nie, dit veroorsaak kakkerlakke en stank probleme.

Die wit ete kaartjies kan net vervang word as dit deur Fedics "geswipe" word en dit nie werk nie. Met ander woorde die kaartjie MOET foutief wees. As jy net 'n nuwe mooier kaart wil hê moet jy daarvoor betaal. Vervanging van kaartjies wat weg geraak het moet ook voor betaal word.

As jy glad nie so 'n kaartjie van jou eiendomsagent of verhuringsagent ontvang het nie moet jy dit met die betrokke agent uitklaar.

## Vullisbakke

Daar is 10 vullishouers bestel wat versprei deur die oord opgerig sal word. U samewerking om ons oord ten alle tye skoon en netjies te hou sal hoog op prys gestel word. Vermy om afvalvoedsel of enigiets anders wat vrot kan word daarin te gooi asseblief.

## Balkonne en stoepe by woonstelle

Daar is vergader met Blok B, maar belangstelling was teleurstellend. Opvolg vergadering sal nog hierdie maand gehou word en daarna sal die reëls gefinaliseer en toegepas word.

<u>Maak intussen u Balkon netjies en verwyder alles wat onooglik is en ook alles wat net daar gestoor word.</u>

Daar is reeds 'n voorbeeld van hoe 'n balkon toegemaak sou kan word wat tydens die vergadering vertoon sal word.

## Ons haarsalon

Na aanleiding van kliënt versoeke, kondig ons graag aan dat die Silver Violet Studios haarsalon voortaan oop sal wees elke dag van die week, Maandag tot Vrydag, en vanaf 8vm tot 4nm (of tot laaste kliënt gediens is).

Daarbenewens het ons **verlengde salon tye elke <u>Woensdag</u>**. As 'n proeflopie vir die maand van **April**, kan kliënte afsprake maak vir 'n Woensdag vanaf **7vm soggens**, en sal die salon ook **oop wees tot 5nm**. Daar is sekerlik inwoners en kliënte wat werksure het wat dalk nie die gewone salon tye van 8 tot 4 kan inpas

nie. Hierdie **proeflopie geld vir April**, waarna ons ‘n goeie idee sal hê van die effektiwiteit van die verlengde **Woensdag** salon tye.

Bel dus die salon by 7019, en maak jou afspraak by ons span haarkapsters. Nelda en Santie wil jou graag weer in die salon verwelkom en seker maak jy stap tevrede daar uit. Nuwe kliënte kan ook verwag om ‘n geselsie aan te knoop oor hulle haarstyl behoeftes en verwagtinge. Gereelde kliënte kan sommer ook weer met Nelda en Santie bevestig wat hulle verwagtinge is wat haarstyl en sorg betref.

Na ‘n onlangse klagte (wat aangespreek en opgelos is) oor die haarsalon was daar ‘n meningsopname uitgestuur na 108 gereelde kliënte van die salon en die terugvoer was dat 97% van hulle redelik tot baie tevrede is met die diens en kwaliteit.

## Waterlekke

’n Vriendelike versoek:. Ons kry ’n opsomming van ons totale waterverbruik per uur daagliks. Die internasionale standaard is dat die waterverbruik tussen 01:00 en 04:00 se nagtelike ure 2 liter per persoon per uur is. Ons verbruik is amper drie maal so veel. Die redes sou kon wees dat daar besproeingstelsels gestel is om tussen 01:00 en 04:00 tuine nat te maak. Sou daar mense wees wat die tye gebruik om reënwater tenks vol te maak met munisipale water?

Kom ons werk almal saam om gedurende die maande April en Mei geen water te gebruik tussen 01:00 tot 04:00 nie soos met sirkel gemerk.



Krane wat lek. Toilette se water wat aanhou loop. Herstel asseblief so spoedig moontlik en rapporteer vir hulp indien nodig. Dit is verstommend hoeveel water oor ‘n 24 uur periode op s’n manier verlore gaan.

## Tuindienste

Theuns Snyman is die nuwe man op terrein om te kontak i.v.m. tuindienste/skoonmaakdienste of motorwas. Tel 060 779 4997

## Sorgsentrum

Neem asseblief kennis dat Sr Andrea en Sr Ina nie na ure op diens is nie, Bel dan die Sorgsentrum of die ambulans.

## Die informant

Ons informant voer ’n sukkelbestaan.

**Ons soek iemand saam met ’n redaksie om dit te DRYF.**

Ons kry met moeite 8 bladsye saamgestel elke kwartaal. Van die ander oorde kry MAANDELIKS van 14 tot 28 bladsye.

Moontlik ‘n redaksielid vir elkeen van die volgende,

1. Sosiale nuus en kalender, Bestuursaangeleenthede, Taal, Boekbespreking, Briewe van lesers, Gedigte, Lief en leed, Blokkiesraaisels en sudokus, grappies, advertensies, aktuele munisipale sake, Toeka se dae, profiel van inwoners, nuwe intrekkers bekendstelling ens.

**Kom meld uself aan asseblief. Die sukses sal afhang van ons eie inwoners.**

Na ure en oor naweke is die algemene noodnommer. **064 812 0093**

Vir Ambulans en siektes is die na ure noodnommer **086 011 2911**

# BRANDVEILIGHEID VIR SENIORS

*Mense ouer as 65 loop die grootste risiko om weens 'n brand te sterf. Vir ouer volwassenes en hul versorgers is daar spesiale voorsorgmaatreëls wat jy kan tref om jouself teen 'n brand te beskerm.*

## ROOK ALARMS

Indien jy rook sien wat verdag lyk druk onmiddellik jou nood knoppie.

Toets of laat iemand anders jou nood knoppie gereeld toets om seker te maak hulle werk.

## Beplan jou ontsnaproete

Hou uitgange skoon sodat jy kan deurkom as jy 'n wandelaar of rolstoel gebruik. Moet nooit 'n hysbak tydens 'n brand gebruik nie, tensy die brandweer opdrag gee. Ken jou brand ontsnaproetes uit die gebou en jou ontmoetingsplek. Oefen jou ontsnaproete.

## Brandveiligheid rondom jou huis

- As jy rook, rook nooit in die bed nie. Gebruik diep en swaar asbakkies om te keer dat dit omslaan.
- Kook versigtig. Staan by jou pan wanneer jy kos braai! Rol jou moue op wanneer jy oor 'n warm stoof kook en moenie jou kos sonder toesig laat nie.
- Moenie elektriese afsetpunte of verlengings koorde oorlaai nie.
- Vermy kerse en oop vlamme in jou huis.

Procare

Made with PosterMyWall.com

